kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Die mag of magteloosheid van Jesus?”

Skriflesing: Lukas 23:33-49 (1953)

33 EN toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem
word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners,
een aan die regter- en een aan die linkerkant.
34 En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat
hulle doen nie. En hulle het sy klere verdeel en die lot
daaroor gewerp.
35 En die volk het dit staan en aanskou. En die owerstes het
saam met hulle ook geskimp en gesê: Ander het Hy verlos;
laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die uitverkorene
van God, is.
36 En die soldate het Hom ook bespot en gekom en vir Hom
asyn gebring
37 en gesê: As U die Koning van die Jode is, verlos Uself.
38 En daar was ook ’n opskrif bokant Hom geskrywe in
Griekse en Romeinse en Hebreeuse letters: HY IS DIE
KONING VAN DIE JODE.
39 En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom
gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons.
40 Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees
jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? —
41 ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon
vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.
42 En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u
koninkryk kom.
43 En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag
sal jy saam met My in die Paradys wees.
44 En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis
oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe;
45 en die son is verduister; en die voorhangsel van die tempel
het middeldeur geskeur.
46 En Jesus het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Vader,
in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het,
blaas Hy die laaste asem uit.
47 En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het
hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was
regverdig.
48 En die hele skare wat vir hierdie skouspel bymekaar was,
het op hulle borste geslaan toe hulle sien wat gebeur het, en
hulle het teruggegaan.
49 En al sy bekendes het ver weg gestaan; ook die vroue wat
Hom van Galiléa gevolg het, het hierdie dinge gesien.

Broodjies vir die Pad

Jean-Luc Marion has written that "the death of Christ offers the apex of his visibility." (Being Given:Towards a Phenomenology of Giveness, p. 239) Hanging out to die on a cross that gruesome Friday in Jerusalem, Jesus is exposed, alone, abandoned, lifted-up to the scrutiny and spectacle of all to see, and, more fully, all he had ever said and done becomes clearest here. Marion also sees, what he calls, "the paradox of all paradoxes" on the cross, which reveals Christ's "royal" status, that is as the one with the authority to announce and inaugurate God's "Kingdom." This "paradox of all paradoxes" is contained in the total absurdity of the situation. God's love is now in flesh and blood.

Marion insists that this "paradox of all paradoxes", because of its audacity, "transforms the I into a witness, into its witness." (p 241) Luke intentionally explains that there were two camps of responders that day. Almost all were scoffers, but there was one new follower. Wherever and whenever this story of the culmination of Jesus' efforts on our behalf to renew God's promises and expose God's love again is read and explicated, there are fresh witnesses. Each responds in his or her own way on any given day.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/11/proper-29-year-c.html

◆◆◆

The Road Not Taken

Two roads diverged in a yellow wood,
And sorry I could not travel both
And be one traveler, long I stood
And looked down one as far as I could
To where it bent in the undergrowth;

Then took the other, as just as fair,
And having perhaps the better claim
Because it was grassy and wanted wear,
Though as for that the passing there
Had worn them really about the same,

And both that morning equally lay
In leaves no step had trodden black.
Oh, I kept the first for another day!
Yet knowing how way leads on to way
I doubted if I should ever come back.

I shall be telling this with a sigh
Somewhere ages and ages hence:
Two roads diverged in a wood, and I,
I took the one less traveled by,
And that has made all the difference.

Robert Frost

http://www.poemhunter.com/poem/the-road-not-taken

◆◆◆

I Know Why The Caged Bird Sings

The free bird leaps
on the back of the wind
and floats downstream
till the current ends
and dips his wings
in the orange sun rays
and dares to claim the sky.

But a bird that stalks
down his narrow cage
can seldom see through
his bars of rage
his wings are clipped and
his feet are tied
so he opens his throat to sing.

The caged bird sings
with fearful trill
of the things unknown
but longed for still
and his tune is heard
on the distant hill
for the caged bird
sings of freedom

The free bird thinks of another breeze
an the trade winds soft through the sighing trees
and the fat worms waiting on a dawn-bright lawn
and he names the sky his own.

But a caged bird stands on the grave of dreams
his shadow shouts on a nightmare scream
his wings are clipped and his feet are tied
so he opens his throat to sing

The caged bird sings
with a fearful trill
of things unknown
but longed for still
and his tune is heard
on the distant hill
for the caged bird
sings of freedom.

Maya Angelou

http://www.poemhunter.com/poem/i-know-why-the-caged-bird-sings

Brood vir die Pad

Die leraar in die fabriek en rabbi in die garage

Dirkie Smit

Gee ons die gemoedsrus om te leef met wat nie kan verander nie, die moed om iets te doen aan wat wel kan – en die wysheid om dié onderskeid te ken. Oor jare sou dié gebed oral bemind raak. Dit is geskryf deur Reinhold Niebuhr, die Amerikaanse teoloog, kort nadat hy in sy dagboek vertel het hoe hy bevry is van sy vroeëre sinisme.

Daar was wel genoeg rede vir sy sinisme. Hy is opgelei in die Gereformeerde tradisie – 'n tradisie vol gloed en ywer om kerk en wêreld te vernuwe, mense wat swaarkry, te help en geregtigheid in die openbare lewe te bevorder. Toe land hy as jong leraar in 'n klein plaaslike gemeente, te midde van die reuse-depressie van die laat jare twintig, wat sy werkersklas-lidmate (in Detroit se motorfabrieke) werkloos en veronreg en magteloos sou laat. Sonder dat hy iets vir hulle kon doen, omdat die onreg en armoede in die strukture gesit het, nie die gevolg van bose mense se optrede was sodat hy dié profeties kon konfronteer nie, maar van die naamlose, gesiglose kragte van ekonomie en politiek. Dit is genoeg om enigeen sinies te laat, óók oor jou eie vroeëre drome. Maar juis in dié jare word sy sinisme getemper deur 'n nuwe realisme, soos wat hy later sy eie benadering sou beskryf.

Realisme vra dat ons kleiner leer dink, nederiger, meer beskeie – maar dan dóén wat ons hand vind om te doen, wat wél binne ons vermoë is. Realisme is die wysheid (waarvoor sy gebed ook vra) wat nie moedeloos, magteloos en daarom dadeloos word vanweë wat nié gedoen kan word nie, maar bereid is om op klein skaal te begin, tree vir tree, plaaslik, naby. Een gebroke mens op 'n slag. Een onreg op 'n slag.

In sy onlangse Together dink die sosioloog Richard Sennett ook na oor hoe ons sáám leer werk om die samelewing meer leefbaar te maak, meer menslik. Hy vertel van sy plaaslike rabbi. Dié sê glo as hy oorval word deur "metafisiese twyfel" – ontstel deur die gróót vrae van die lewe – gaan pak hy die garage reg. Dit is góéie raad. Dit is gesê in die gees van die klassieke Griekse denke wat phronesis sou leer, praktiese wysheid, die vermoë om te sien wat gedoen kán en móét word, en dit dan daadwerklik te doen. Dit is ook die gees van Niebuhr en sy realisme. Dit is die gees van ons ma, wat kleintyd sou sê ons moet ons nuttig maak. Wat beteken ons moenie net kyk (en dalk kla, selfs kritiseer) nie, maar hande uit die mou steek en help. Doen wat ons kan, al is dit hoe klein en beskeie. Want die kleine en beskeie moet óók gedoen word. En alles klein en beskeie tesáme lei dalk – tóg! – tot iets groots.

Dit is ook die gees van nóg 'n rabbi. Dit bly aangrypend dat die geleerde Paulus sy lang en ingewikkelde hoofstuk oor die opstanding (1 Kor. 15), waarvan ons volgens hom eintlik niks begryp nie, afsluit met een laaste vers (vers 58) waarin hy sê in die lig van dié opstanding moet ons oorvloedig wees in wat ons dóén, omdat ons weet dat ons arbeid in die Here nie tevergeefs is nie. Dan bly geen sinisme meer oor nie. Want daar is altyd iets om te doen.

http://www.dieburger.com/opinie/2013-11-16-geestelike-waardes-die-leraar-in-die-fabriek-en-rabbi-in-die-garage

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877